# STEEK DIE GRENSE OOR

Hand 8vs26-40

VOORAF
Die boek **Handelinge vertel** hoe die evangelie van Jerusalem na die hele Judea en in Samaria en tot in Rome versprei het. Nadat **Stefanus**, een van die sewe diakens, gestenig is, begin hoofstuk 8 met **Saulus** se hewige vervolging van die eerste gemeente. Die gelowiges het vanweë die vervolging na Judea en Samaria gevlug. So het die goeie nuus verder versprei. Die een **grens** na die ander is oorgesteek.

Vanmore lees ons hoedat die Gees nog een van die sewe diakens, **Filippus**, gebruik het om **Afrika** met die evangelie te bereik. Hy was op daardie tydstip in Samaria (8:5). Hy was *"vol van die Heilige Gees"* en bekend vir sy *wysheid* (6:3). Hoewel die diakens gekies is met die doel om die *versorging* van die hulpbehoewendes te behartig sodat die apostels ongehinderd met die gebed en die bediening van die woord kon voortgaan, het dit nie iemand soos Filippus verhinder om self ook die Woord te versprei nie (8:5,12). So is dit vandag ook mos nie NET predikante wat met ander oor die Here mag praat nie!

Filippus het 'n baie **geseënde bediening** in Samaria gehad - mense het aandagtig na hom geluister, daar het selfs wonderwerke plaasgevind en baie mense het tot geloof gekom (:12). **Toe kom neem** die Here hom daar weg na 'n eensame plek met net een persoon om te bearbei! Dat die Here nou daardie *een* persoon as *so belangrik* beskou het! En dit is nog meer verbasend as jy besef *wie* daardie een persoon was…

SKRIFLESING

Kyk gerus na **die kaart** in jou Bybel (p162). Gasa lê sowat 100 km suid-wes van Jerusalem. Die woorde *"teen die middag"* kon ook vertaal gewees het *"in 'n suidelike rigting"*.

Ons het gesê Filippus was **vol van die Heilige Gees** en ons sien dit ook in die manier waarop Hy die leiding van die Gees gehoorsaam.

*Geesvervulde mense is Geesgehoorsame mense.* Hy het **nie gekla** omdat hy nou alles moes laat staan terwyl dinge so goed gegaan het nie. Hy het **nie geweet** wat om op die stil pad te wagte te wees nie. Die Gees het hom nie vooraf ingelig nie. Maar hy **gaan**.

1. DAAR IS BAIE GRENSE

Die persoon na wie toe die Engel hom stuur, was **'n Etiopiër** – 'n swart man uit Afrika. Etiopië het in daardie tyd tot teenaan Egipte gestrek. Hy was waarskynlik 'n **Nubiër** uit die gebied wat vandag as die **Soedan** bekend staan. Hy was dus nie 'n Jood nie, maar het bes moontlik die Joodse geloof aangeneem. Daarom het hy na Jerusalem gekom om daar te aanbid. Die reis van meer as 3200 km kon so lank soos tien maande geneem het per wa! Hy was dus 'n **vasberade** man. Hy was ook 'n **opgevoede** man. Hy kon Grieks lees (hy haal uit die Septuaginta aan). In sy eie land was hy 'n **vername** man – iets soos die minister van finansies. Maar omdat hy *nou* met die koningin moes saamwerk, is hy, soos destyds die gebruik is, **ontman** sodat hy nie vir haar of haar man 'n bedreiging kon wees nie. In Deut 23:1 staan egter:- "*Iemand wie se geslagsorgane verbrysel is of iemand wat ontman is, mag nie lid van die gemeente van die Here wees nie"*. Al was hy in sy eie land 'n hooggeplaaste, welgestelde en geletterde persoon, was hy dus volgens die Joodse godsdiens '**n randfiguur**. As ontmande sou hy nie verder as die **Vierkant vir die heidene** kon kom by die tempel nie. Hy sou dus nie tot God kon offer vir sy sondes nie. Hy het geen moeite en koste ontsien om Jerusalem toe te gaan nie, maar het waarskynlik as 'n **teleurgestelde** man teruggekeer.

Dit bly wonderlik om te sien en te hoor hoedat God die mens op sy/haar **pad ontmoet**. Dit gebeur soms op 'n stil en eensame pad, soms te midde van druk verkeer. Baie keer op onverwagte plekke – miskien nie in Jerusalem soos ek verwag en gehoop het nie, maar daar waar ek dit die minste verwag het.

Filippus is dus oppad om 'n hele paar grense met die evangelie te gaan oorsteek…

2. DIE GOEIE NUUS OOR DIE VERLOSSER VIR ALMAL

Die man sit en lees uit die boek **Jesaja** – hardop, soos dit die gebruik was. Hierdie boek moes vir hom 'n besondere **aantrekkingskrag** gehad het. Jesaja sou om **twee redes** vir hom baie relevant wees.

1 Daar was eerstens die beloftes in Jes. 18 (:1-7) en 45 (:14-15) *dat Ethiopië (Kus in die OT) ook sou deel in God se seën.* Sy mense sou deel in God se seën. Dit het dan ook later gebeur. Tydens die regering van Justinianus (527–565 n.C.) het hulle 'n Christelike land geword.

2 Op ’n meer **persoonlike vlak** het Jesaja dit in die vooruitsig gestel dat *die verbod op ontmandes* eendag in die teenwoordigheid van God opgehef sou word. **Jesaja 56:3-5** voorspel dat daar ’n dag sou kom dat **almal welkom** by God sou wees: "*’n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het, moenie dink: die Here sal my van sy volk afsny nie. ’n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar ’n droë boom nie. So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure ’n teken gee, ’n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense ’n naam gee wat nie uitgewis sal word nie."*
Toe Filippus by hom kom, was hy besig om **Jes 53** te lees – die hoofstuk uit die OT wat die meeste keer in die NT aangehaal word. *"Hy vra toe vir hom: "Verstaan u wat u lees?"*

**David Henderson** het ’n waar ding gesê: *"If you have ten minutes to share the gospel with someone, spend the first nine asking questions and listening. Only then can we speak words on target. When we speak more than we listen, it's like flying a kite in the dark. Our words go out, but we have no idea if they ever get off the ground."*

Die amptenaar antwoord dat hy niemand het wat die teks vir hom kan uitlê nie. Die woord wat hy gebruik vir *"uitlê"* beteken om te *"begelei"* soos ’n gids. Hy het nie **’n gids** om hom te help om te verstaan nie. Nou het die Gees egter vir hom in die persoon van Filippus ‘n gids **gestuur**. Hy **verklaar** vir hom die gedeelte. Hoewel dit oorspronklik vertel van ‘n verlossingsfiguur *in Israel*, pas hy dit op *Christus* toe. Hy is immers die Een wat soos ’n lam na die slagplek toe gelei is ter wille van ons sondes en wat tot in die dood toe verneder is.

Dit is **goed** om van gidse gebruik te maak en vir ander ‘n gids te kan wees om die Bybel beter te kan verstaan. Dit is o.a. die waarde van eredienste en Bybelstudies en selgroepe en Sondagskool.

3. DIE GRENSE WORD OORGESTEEK

Die amptenaar het die goeie nuus aangaande Jesus **gelowig aangeneem**. Hierdie man word die **eerste bekeerling uit Afrika**. **Lidia** sou eers heelwat later, 8 hoofstukke later, die eerste bekeerling in Europa word. Toe hulle by water verby ry, vra hy vir Filippus of iets hom verhinder om hom te **doop**. Die vraag is te verstane en ’n belangrike een. Daar was die **grense** van *ras* (swart), van *kultuur* (nie ‘n Jood), en van *seksualiteit* (hy was ontman*)*. Maar **nie een** van hierdie grense het in sy pad gestaan nie. Filippus voldoen sonder om te huiwer aan sy versoek.

Die evangelie is bedoel om alle grense oor te steek – ongeag mense se etniese, religieuse, fisieke en seksuele agtergrond.

Hier staan nie of hy **onderdompel of besprenkel** is nie. Dit is ook nie belangrik nie. Die manier van doop of die hoeveelheid water is nie die *eintlike saak* nie, maar dit waarvoor dit staan. Die Etiopiër is daardeur verseker dat God **hom aanvaar** het en sy sondes om Jesus ontwil **vergewe** het. Hy is nou ook **'n lid van die gemeenskap van die gelowiges**. Geen wonder dat ons lees dat hy sy reis met **blydskap** voortgesit het nie!

Hierdie man is **as volwassene gedoop** omdat hy nie as kind gedoop is nie. Ons het *niks teen* die volwasse doop nie. Ons het *wel beswaar* teen die **herdoop** van mense wat reeds as kind gedoop is. Dit wat vroeër vanjaar in Houtbaai plaasgevind het, was nie 'n herdoop nie, maar 'n **doopviering**. Ons sê dit sodat mense nie moet dink die kerk het nou sy standpunt oor die herdoop verander nie. **Ons glo nog steeds in net een doop** – of dit nou deur onderdompeling of besprenkeling, aan volwassenes of kinders bedien word (Nicea).

Volgens die Christelike geskiedskrywer **Eusebius** (in sy Historia Ecclesiastica) het die Etiopiese amptenaar 'n evangelis onder sy eie mense geword. Hiervan sê Lukas ons egter niks nie.

Na die doop van die Etiopiese amptenaar, het die Gees vir **Filippus** weggeneem na **Asdod**, sowat veertig kilometer noord van Gasa. Vandaar het hy al langs die kus af tot in **Sesarea**, die woonplek van die Romeinse goewerneurs, sendingwerk gedoen. Twintig jaar later was hy nog daar werksaam. (21:7-9). Ons lees dat hy **vier dogters** gehad het wat almal ongetroud was en wat ook almal as profete opgetree het. Later het hulle as gesin na Hierapolis in Turkye verhuis waar hy volgens oorlewering voor die stadspoort as **martelaar** gesterf het.

4. SAL JY DIE GRENSE OORSTEEK?

Wat my in hierdie gedeelte opval, is **die samewerking** tussen die *Heilige Gees, die mens en die Woord van God*. Dit is soos wat dit gewoonlik gaan: Die **Bybel** vertel van Jesus die verlosser, die **Heilige Gees** lei en oortuig en in die proses gebruik Hy **mense** as sy getuies en gidse vir ander mense. Filippus was beslis *nie die enigste mens* wat Hy in die Etiopiër se bekering gebruik het nie. Hy was net die **laaste skakel** in die ketting.

Dit is ‘n belewenis om die laaste skakel te wees om iemand na die Here toe te lei, maar elke skakel is belangrik. Is jy en ek Geesgehoorsame, Geesvervulde mense, **altyd gereed en bereid** om ‘n skakel te wees – al moet ons ook uit ons gemaksones beweeg en grense oorsteek? Hoe is **ons houding** teenoor die randfigure, die buitestaanders in die samelewing? Is ons bereid om ons **vooroordele** teenoor sekere mense te laat vaar - Gays, Vigslyers, straatmense, gevangenes, onwettige immigrante?

Moenie sê ek is **maar net** ‘n diaken/ dienswerker/ kind nie – dis die Gees in ons en in die ander persoon wat tel. Volg net Sy leiding en Sy aanwysings en steek die grense oor!

Amen
10/5/09